Chapter 8

# Versoening en die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Die *Algemene Sinode van 1994* as baken vir ’n lewe van volheid[22]

Johan M. van der Merwe
*Department of Church History*
*University of Pretoria*
*South Africa*

22. Die doel van hierdie hoofstuk is nie om die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) se rol ten opsigte van versoening in die breë, of binne die NGK-familie te bespreek nie. Die fokus val op die rol wat die leiers van die kerk gespeel het in die versoeningsproses in Suid-Afrika op weg na die Algemene Verkiesing van 1994. Aandag word spesifiek gegee aan gesprekke tussen die kerkleiers en mnr Nelson Mandela, sekerlik een van die belangrikste stemme van sy tyd. kontroversie rondom die Algemene Sinode van 1994 waar mnr. Nelson Mandela as spreker opgetree het, word ook bespreek as voorbeeld van die NGK se interne worsteling met versoening. Die bronne wat vir die artikel gebruik is bestaan hoofsaaklik uit onontginde primêre bronne, naamlik persoonlike korrespondensie, briewe en notules van vergaderings. Beperkte sekondêre bronne is daarom gebruik.

How to cite: Van der Merwe, J.M., 2017, ‘Versoening en die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Die *Algemene Sinode van 1994* as baken vir ’n lewe van volheid’, in ‘*Ecodomy - Life in its fullness*’, *Verbum et Ecclesia*, suppl. 1, 38(3), a1626. https://doi.org/10.4102/ve.v38i3.1626

# Inleiding

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria het *oikodome* in 2014 as navorsingstema vir die fakulteit aanvaar (Pillay 2015:1 van 8). Hierdie term verwys na ’n lewe van volheid vir alle mense.[23] Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), een van die belangrike vennote van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria,[24] het egter vir ’n groot deel van die kerk se geskiedenis juis nie bygedra tot ’n proses wat ’n lewe van volheid vir al die mense van Suid-Afrika moontlik gemaak het nie.

Die kerk se ondersteuning van die Nasionale Party se beleid van apartheid het juis die teendeel bewerk. In 1986 het daar egter ’n draaipunt in die NGK se beleid gekom toe die dokument ‘Kerk en Samelewing’ aanvaar is (Van der Merwe 1990:610). Dit het die NGK op ’n nuwe koers geplaas wat dit vir die kerk moontlik gemaak het om ’n belangrike versoeningsrol in Suid Afrika te speel. Indien versoening verstaan word as ’n situasie waar individue of groepe vriende word van mekaar nadat hulle van mekaar verskil het of selfs vyande was (Odendaal 1985:1266), is ’n lewe van volheid sonder versoening haas ondenkbaar. Wanneer nagedink word oor versoening en die NGK, staan die Algemene Sinode van 1994 (NGK 1994) as ’n baken op die versoeningspad uit, tot so ’n mate dat dit algemeen bekend geword het as die *Sinode van versoening* (NGK 1994). Dit dien daarom ook as ’n baken op die pad van die kerk in sy soeke na ’n lewe van volheid vir alle mense in Suid-Afrika.

Die belangrikheid van hierdie kerkvergadering word deur Gaum (NGK 1997a:61) bevestig wanneer hy skryf: ‘Dié sinode, waarvan ds. F. Swanepoel tot moderator verkies is, het nie verniet in die pers die benaming “Sinode van versoening” gekry nie.’ Twee belangrike gebeurtenisse tydens die vergadering het daartoe aanleiding gegee. Eerstens het mnr Nelson Mandela die vergadering op 13 Oktober 1994 besoek en toegespreek (NGK 1994:536). Tweedens het die vergadering ’n besluit geneem waarin verskoning gevra is vir die onreg wat aan profete uit eie geledere gedoen is. Die besluit het soos volg gelui:

> In die lig van die klag van politieke dienstigheid deur die Ned. Geref. Kerk, wys die Algemene Sinode lidmate daarop dat daar deur die jare heen steeds lidmate, ampsdraers (en selfs kerklike vergaderings) was wat krities was oor apartheid en kerklike besluite in hierdie verband. Die Algemene Sinode erken met spyt dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op ’n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone gehandel is. (NGK 1994:374)

23. Vir ’n volledige verklaring van die term sien Kok (2015).

24. Die NGK het in 1938 met Teologiese opleiding aan UP begin (Van der Watt 1987:178).

Nadat hierdie besluit geneem is, het prof. B.J. Marais en dr C.F. Beyers Naudé die vergadering op verskillende dae besoek. Albei is hartlik ontvang en die besluit is aan hulle voorgelees. Na afloop van die sitting is daar oor die vergadering soos volg berig:

> Die negende Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk wat verlede week in Pretoria ten einde geloop het, is gekenmerk deur 'n gees van versoening en was ongetwyfeld een van die merkwaardigste sinodesittings wat sedert die eerste vergadering van die Algemene Sinode in 1962 gehou is. Nie net is 'n hand van versoening uitgereik na mense soos prof. Ben Marais en dr. Beyers Naudé nie, maar 'n versoenende houding is ook geopenbaar deur prof. Evert Kleynhans, 'n vorige moderator, wat hom die afgelope jare meermale skerp uitgespreek het oor sommige aspekte van die Ned. Geref. Kerk se beleidstuk, *Kerk en Samelewing 1990.* Ook dr. Sarel Eloff, bekend vir sy behoudende oortuigings, het 'n bemiddelende rol gespeel en 'n belangrike bydrae gelewer sodat die Algemene Sinode deurslaggewende besluite oor eenheid in die NG Kerkfamilie kon neem. Die besoek van Pres. Nelson Mandela aan die Algemene Sinode het eweneens in die teken van versoening gestaan. (Gaum 1994:1)

## Die Sinode van versoening in die spervuur

Hierdie verstaan van die Algemene Sinode van 1994 het egter in 2013 in die spervuur beland met die publikasie van die bundel van prof. Piet Strauss *Kerkwees in die Branding: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Algemene Sinodale verband 1994–2011.* Strauss (2013:14) skryf soos volg: 'Die Algemene Sinode van 1994 word deur sommige bestempel as die sinode van versoening.' Strauss gaan dan voort en bevraagteken hierdie verstaan van die sinode deur onder meer te verwys na die besoek van mnr. Nelson Mandela aan die sinode en die besoeke van prof. B.J. Marais en dr Beyers Naudé aan die sinode (Strauss 2013:14–19). Alhoewel hy tereg meen:

> Om te bepaal wat die goedgekeurde houding van die Algemene Sinode van 1994 oor 'n saak was, moet die notule of acta geraadpleeg word. Die woorde van die voorsitter in die verwelkoming van iemand sowel as die reaksie van die vergadering, kan nie hiersonder gelees word nie. (bl. 16)

Strauss (2013) gaan dan voort om sy eie belewenis van die gebeure weer te gee:

> Dit blyk dat die strekking van die acta van Gaum verskil en dat hy vanuit sy eie verstaan van gebeure werk. As sinodeganger het ek die gebeure ook anders beleef as dit wat Gaum in 'n paar eenvoudige sinne aanbied. (bl. 16)

Strauss beskryf voorts hoe die voorsitter van die vergadering volgens hom sake gemanipuleer en gemodereer het omdat hy onder meer vir dr C.F.Beyers Naudé om verskoning wou vra. In sy konklusie skryf hy:

> Hy wou Naudé om verskoning vra. Daarom het hy besluit om die besluit te modereer en as 'n lanseerplatvorm vir sy verskoning te gebruik. Hy is egter been voor paaltjie betrap! Op die kyk weer van die notule was hy uit. (Strauss 2013:18)

Die vraag moet onwillekeurig gevra word of Strauss hom nie self skuldig maak aan sy eie verstaan van gebeure – juis dit waarvan hy vir Gaum beskuldig nie. Die antwoord kom van Strauss (2013) self wanneer hy skryf dat die geskiedenis wat hy beskryf 'n kykie is wat onder sy eie oë plaasvind – dus 'n eie perspektief op gebeure wat plaasgevind het – soos wat met alle vorme van geskiedskrywing gebeur.

In reaksie op die publikasie het ds. F. Swanepoel, moderator van die Algemene Sinode van 1994 in 'n brief aan die uitgewer op 3 Junie 2014, gereageer. Daarin het hy beswaar gemaak teen die eensydige interpretasie van die gebeure en versoek dat die verspreiding van die publikasie gestaak word omdat dit nie tot voordeel van die N.G. Kerk en sy geskiedenis sou wees nie (Swanepoel 2014a:1). Swanepoel het sy versoek soos volg gemotiveer:[25]

Oor die besoeke van Prof. B.J. Marais en dr C.F. Beyers Naudé skryf Swanepoel (2014a):

> Die outeur wil laat blyk dat Prof. Marais se besoek spontaan was en die van Dr Naudé beplan. Die losstaande mosie oor Prof Marais is wel op 14 Oktober geneem (Acta 1994, p 456), maar hy besoek die sinode eers op 18 Oktober (Acta 1994, p. 490). Albei persone besoek dus die sinode nadat 'n besluit wat hulle direk raak deur die sinode geneem is. Hiermee verval die driftige betoog van u outeur omdat sy aanname oor die besoeke foutief is. Oor sy besoek het Dr Naudé reeds voor die sinode sy voorneme daartoe aan die Ekumeniese Kantoor bekend gemaak. Die tyd van sy besoek was dus vir die Moderatuur ook 'n verrassing. Die staande applous waarmee die persone begroet is, was 'n spontane gebaar van die sinode, maar getuig sekerlik dat die oorgrote meerderheid van die vergadering die optrede positief beleef het. (bl. 1)

Oor die verskoning aan dr C.F. Beyers Naudé skryf Swanepoel (2014a) soos volg:

> Oor die optrede van die Voorsitter teenoor Dr Naudé is daar beswaar dat die besluit van die sinode aan hom aangebied is. Nêrens is daar bepaal dat die besluit in 'n glaskas gebêre word slegs om na te kyk nie. Volgens my interpretasie was dit 'n oop besluit wat wel aan persone aangebied kan word. By buitelandse kerke kon ek die inhoud van die besluit en die gesindheid wat dit uitstraal telkens aanbied as bewys van die sinode se erkenning vir persone se 'profetiese stem oor apartheid' (Acta 1994, pt 1.5.8, p 501). Lg. besluit gee erkenning aan Dr Naudé toe hy in die sestigerjare nog leraar/lidmaat van die NG Kerk was en 'n opvolgende besluit (ACTA 1994, pt 1.5.12 p 501) wat aan die NG Kerk familie gerig is. Hy was mos later lidmaat van die VGKSA. Die woord 'verskoning' het ek nooit gebruik nie. So 'lomp' en 'onopgelei' is ek werklik nie. (bl.1)

Oor die *Beswaar* skryf Swanepoel (2014a):

> Die outeur meld dat hy en sy medestanders 'agterna' by die Moderatuur beswaar gemaak het. Wat hy nie meld nie is dat die Moderatuur tydens die sinodevergadering gedreig is met optrede

25. Weens die belangrikheid van Swanepoel se reaksie word dit grootliks verbatim weergegee.

> indien hulle nie onderneem om die wat beswaard is aan te hoor nie. In lyn met die talle tekens van die versoening tydens die sinode het die Moderatuur direk na afloop van die 10-dae lange sinode geduldig die besware van ’n groep afgevaardigdes aangehoor. Wat ook nie gesê word nie is dat die antwoord van die Moderatuur verstaan en aanvaar is en dat die saak daarby gelaat is. (bl. 1)

Oor die *Waarheids-en-Versoeningskommissie* skryf Swanepoel (2014a):

> Die gedeelte bevat ongelukkig ook vele onjuisthede. So het ek nooit gesê of geglo dat die NG Kerk ’n ‘vroeëre apartheidsagent’ was nie. Die relaas oor my bedanking en ‘taktiese bewegings’ is absurd. Blykbaar het ek darem vir pres Paul Kruger nagedoen! Ook hier word die voorsitter aangedui as iemand wat geen respek vir ’n kerklike vergadering of sy lede gehad het nie. (bl. 2)

Swanepoel (2014a) het voorts geskryf dat:

> [*D*]it lyk of die versoenende deel van hierdie sinode sistematies uitgewis word en die leiers doelbewus afgekraak word. Swanepoel het voortgegaan: Laat my ook maar aansluit by die beeld van die ‘kyk-weer’. Op die terrein van krieket is ek darem kundig. As die ‘kyk-weer’ verder terug gedraai word sal u sien dat die bouler ’n foutbal afgestuur het. Die kolwer is terug geroep en het rustig sy honderdtal gehaal en saam met sy span die wedstryd gewen. Hy het afgesluit: My grootste bekommernis is steeds dat studente ’n onvolledige beeld van die NG Kerk in die oorgangsjare kry. Deur die Here se genade het die NG Kerk en sy lidmate deur versoening en diens ’n onmisbare bydrae gelewer tot ’n vreedsame oorgang. Hierin het die sinode van 1994 ’n onuitwisbare rol gespeel waarvoor ek vandag nog dankbaar is. (bl. 2)

Dit was egter nie net Swanepoel wat gereageer het nie. In sy reaksie het dr F. Gaum (2014a), wat skriba van die sinode was, soos volg gerageer:[26]

> En nou: die Sinode van Versoening. Jy bevraagteken dié benaming vir die betrokke sinode met ’n klompie interessante argumente. Jy skryf ter aanvang: Hierdie aandag (op die Algemene Sinode van 11–20 Oktober 1994 in Pretoria) is verskerp toe die leier van die ANC, Nelson Mandela, op eie versoek – so het ons as sinodelede dit verstaan – die vergadering op Donderdag 13 Oktober besoek en toegespreek het (bl. 4). (bl. 1)

Gaum (2014a) gaan dan voort met wat hy ’n paar regstellings en los opmerkings noem:

> Mandela was in daardie stadium die president van Suid-Afrika. Waarom noem jy dit nie in bg sin nie, maar beklemtoon eerder net dat hy die leier van die ANC was … asof hy die sinode *as ANC-leier* besoek het? Ek as skriba het Mandela met die medewete van die mense wat die destydse sinode gereël het, genooi om die openingsaand *by te woon.* Hy kon nie, want hy was oorsee. Met sy terugkoms het sy kantoor my tydens die sinodesitting, en in opvolging van die aanvanklike uitnodiging, gebel en gesê hy sal tog die sinode een of ander geskikte tyd wil kom besoek en die sinode dan ook graag sal toespreek. Ek het die versoek met die Moderatuur bespreek en sy kantoor laat weet hy is welkom. Dankie dat jy skryf (bl. 5) dat Mandela sy

26. Weens die belangrikheid van Gaum se reaksie word dit grootliks verbatim aangehaal.

> bekende benadering van versoening in die vergadering ingedra het, en dat daar versigtige, beheersde afwagting en hoop ... in die sinode was. Dus: Die Sinode van Versoening. (bl. 1)

Gaum (2014a) het verder soos volg gereageer op die drie voorbeelde wat Strauss gebruik het:

> ’n Volgende punt wat jy maak, is dat Mandela nie dankie kon gesê het vir die rol van die NG Kerkleiding in die oorgangstyd nie, omdat die oorgangstyd in daardie stadium vyf maande oud (was) en nog nie behoorlik uitgespeel nie (bl. 15). En verder Mandela kon die NG leiding glo net bedank het vir die skep van ’n positiewe klimaat vir die oorgang tydens die eerste demokratiese verkiesing in 1994. Die punt is: ons was destyds in ’n oorgangstyd en die president het die leierskap van die NG Kerk bedank vir die konstruktiewe rol wat hulle rondom die verkiesing gespeel het … wat immers in die hart van die oorgangstyd was! Ek, en niemand, het die oorgangstyd probeer meet en probeer bepaal hoe lank dit nog moes duur voordat ons anderkant sou uitkom nie. Gaum beklemtoon verder dat prof. Piet Meiring ’n belangrike rol gespeel het in die besoeke van prof. B.J. Marais en dr. C.F. Beyers Naudé aan die sinode. Hulle het die sinode op twee verskillende dae besoek en is hartlik verwelkom. In Gaum se woorde: Daar was met albei se besoek ’n staande ovasie vir hulle … in die geval van Naudé was dit Johan Heyns wat eerste opgestaan het en die res van die sinode (behalwe ’n paar, onder andere Piet Strauss?) het hom daarin gevolg. Die voorsitter het nie dieselfde woorde gebruik toe hy die twee besoekers verwelkom het nie. In Ben Marais se geval, het die sinode op 14 Okt., opregte waardering teenoor Marais uitgespreek vir wat hy oor baie jare vir die NG Kerk beteken het. Op 19 Okt het die sinode ’n pertinente besluit geneem wat na lidmate verwys het wat ’n duidelike profetiese stem oor apartheid laat hoor het. Die sinode het met spyt erken dat daar van kerklike kant in die verlede op ’n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone opgetree is. Alhoewel spesifieke persone nie by name genoem is nie kan dit nie ontken word dat hierdie besluit vir Marais en Naude ingesluit het nie (Gaum 2014a:3).

Gaum (2014a) berig voorts:

> Op 20 Okt het Naudé die sinode besoek en die voorsitter (Freek Swanepoel) het moeite gedoen om die sinodebesluit van die vorige dag presies woordeliks voor te lees, en hy het bygevoeg dat dit hom (Naudé) ook insluit. En die sinode het met Swanepoel saamgestem deur tydens sy besoek aan Naudé ’n staande ovasie te gee. Gaum interpreter die reaksie van die sinode korrek wanneer hy sê: Die gebaar van die sinode se kant was om te toon dat die sinode regtig spyt is omdat die kerk nie beter na Naudé en ander se kritiese stemme geluister het nie, maar dat, ten spyte van foute (aan albei kante), *versoening* in die radikaal veranderde omstandighede in die land en kerk moontlik is. (bl. 4)
>
> [*Dus*] die *gees* van die sinode daardie gedenkwaardige paar dae, was om hande uit te steek, ’n nuwe era hoopvol te verwelkom (Mandela), foute te erken en spyt uit te spreek (Marais en Naudé). ’n Onbevooroordeelde waarnemer sou sê: die sinode het, met ander woorde, verskoning gevra. (bl. 4)

Gaum (2014a) som die gebeure tydens die vergadering soos volg op:

> Ek meen verreweg die meeste onpartydige waarnemers sal ook saam stem dat Swanepoel se hantering van die 1994-sinode oor die algemeen uitstekend was – in krieketterme: ’n onoorwonne honderdtal. Hy het been-voor-paaltjie-appèlle van ’n paar gefrustreerde boulers met gemak oorleef. Dit beteken ook dat ek jou aantyging van ’n lompe, ooglopende manupilering (*sic!*) van sake, waarvan jy Swanepoel – en die ander lede van die Moderatuur saam met hom? – in verband met die Naudé-besoek beskuldig (bl. 18), met nadruk verwerp as ongegrond en moedswillig. (bl. 4)

Dit blyk uit bogenoemde duidelik dat beide Swanepoel en Gaum, Strauss se verstaan en beskrywing van die gebeure tydens die Algemene Sinode van 1994 ernstig bevraagteken. Swanepoel en Gaum handhaaf die standpunt dat die sinode inderdaad ’n *sinode van versoening* was. Die agtergrond waarteen die vergadering plaasgevind het bevestig Swanepoel en Gaum se standpunt. Dat dit bepalend vir die verstaan van die belang van die sinode is, word deur Labuschagne (2013) bevestig wanneer hy skryf:

> With words we express meaning and understanding. Words are, however, always related to a background or context. Then there is also the ripple effect created by multiple interdependent contexts to contend with. (bl. 2 van 10)

Belangrike versoeningsgebeure en gesprekke voor en na die sinode vorm die raamwerk waarbinne hierdie vergadering plaasgevind het. ’n Oordeel oor die betekenis van die vergadering kan nie daarsonder gemaak word nie.

## Die Algemene Sinode van 1994 binne die raamwerk van versoening

Die *Algemene Sinode van 1994* het teen die agtergrond van belangrike versoeningsgebeure plaasgevind waarby die NGK betrokke was. Drie sake moet aan die orde kom: Die Rustenburgberaad van 1990, die versoenende rol wat die Nederduits Gereformeerde kerkleiers gespeel het in die jare 1990–1994 en die voorlegging van die Nederduits Gereformeerde Kerk by die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1997.

### Die Rustenburgberaad van 1990

Die aanloop tot die beraad het reeds in 1989 begin. Die destydse staatspresident, mnr F.W. de Klerk, het na ’n wenk van prof. J.A. Heyns, tydens sy kersboodskap ’n beroep op die kerke in die land gedoen om ’n klimaat te help skep wat bevorderlik vir onderhandeling, versoening en verandering in die land sou wees (Du Toit et al. 2002:105). Die beraad wat vanaf 5–9 November 1990 by die Hunters Rest Hotel buite Rustenburg plaasgevind het,

is namens die NGK deur P.C. Potgieter, P. Rossouw, D.J. Hattingh en F.M. Gaum bygewoon. Proff. J.A. Heyns en W.D. Jonker is as sprekers na die beraad genooi. Tydens die beraad het prof. W.D. Jonker die besluit van 'Kerk en Samelewing' van 1986, wat in 1990 tydens die Algemene Sinode (NGK 1990b) herbevestig is, tot sy volle konsekwensie deurgetrek toe hy die volgende belydenis gedoen het:

> I confess before you and before the Lord, not only my own sin and guilt, and my personal responsibility for the political, social, economic, and structural wrongs that have been done to many of you, and the results of which you and our whole country are still suffering from, but vicariously I dare also do that in the name of the DRC of which I am a member, and for the Afrikaner people as a whole. I have the liberty to do just that, because the DRC at its latest synod has declared apartheid a sin and confessed its own guilt of negligence in not warning against it and distancing it itself from it long ago. (Jonker 1998:204)

In reaksie op Jonker se belydenis het Aartsbiskop Desmond Tutu opgestaan en gesê dat as die NGK vandag sê dat hy berou het, almal moet sê: 'Ons vergewe julle'. Jonker beskryf die toneel as volg:

> Op daardie oomblik het almal opgestaan. Daar was trane; daar was 'n gees van bewoënheid. So iets het ek nog nooit belewe nie. Ek het dit ervaar as 'n omarming, as 'n diepe gebaar van aanvaarding deur medegelowiges wat in diepe bewoënheid ons skuld van ons afneem. (Jonker 1998:205)

Reaksie op die belydenis was hewig. Een van die eerste persone wat beswaar gemaak het, was 'n vorige staatspresident, mnr P.W. Botha. In 'n telefoongesprek met prof. Potgieter het hy heftig te velde getrek teen Jonker se belydenis. Potgieter het Botha versoek om te wag tot die NGK se amptelike reaksie op die belydenis (Potgieter 2013).

Die belydenis van Jonker is die volgende dag deur prof. Pieter Potgieter onderskryf toe hy gesê het:

> The delegates of the DRC want to state unambiguously that we fully identify ourselves with the statements made by prof. Jonker on the position of the church. He has in fact precisely reiterated the decision made by our General Synod in Bloemfontein recently. We want to see this decision of the synod as the bases of reconciliation with all people of all churches. (Jonker 1998:207)

Nadat die verklaring tydens die agt uur nuusbulletin op TV uitgesaai is, het Botha Potgieter weer gebel. Hy het vir etlike minute uitgevaar teen die belydenis en die verklaring en duidelik laat blyk dat prof. Jonker nie die reg gehad het om so 'n belydenis te maak nie. Op 'n stadium het Potgieter aan Botha gesê: '[*M*]nr Botha, hierdie gesprek gaan nêrens heen nie en die telefoon in Botha se oor neergesit' (Potgieter 2013). Die verklaring van Potgieter was 'n bevestiging van die feit dat 'Kerk en Samelewing' die NGK onherroeplik op 'n nuwe koers geplaas het. Dit het die deure na Rustenburg oopgemaak waar die belydenis van Jonker verdere deure vir die NGK laat oopgaan het, wat die kerk in staat gestel het om 'n belangrike versoeningsrol in Suid Afrika te speel.

## Versoeningsgesprekke met politieke leiers

Alhoewel verskeie politieke leiers wat 'n belangrike rol in die oorgangsproses gespeel het, lidmate van die NGK was, het die leierskorps van die NGK ook 'n deurslaggewende rol gespeel om versoening in die land te bevorder. Die deure wat met die aanvaarding van 'Kerk en Samelewing' en die Rustenburgberaad oopgegaan het, het aan die kerk 'n besondere leierskapsrol in die aanloop tot die verkiesing gegee. Nie alleen is eie lidmate tot vrede gemaan nie, maar die leierskorps van die kerk het ook aktief bygedra tot versoening. Dit is deur mnr Nelson Mandela self bevestig toe hy tydens die 'Sinode van versoening' (NGK 1994) gesê het:

> Ek verwys u graag na die konstruktiewe rol wat die leierskap van die Ned. Geref. Kerk gespeel het tydens die onstuimige tye met die aanloop tot die verkiesing van 27 April 1994. U bereidwilligheid om ook sommige van u eie kerklidmate te maan teen rasisme en onverskillige geweldspraatjies, het 'n belangrike bydrae gelewer om die wonderwerk van Suid-Afrika se vreedsame oorgang tot demokrasie moontlik te maak. U is 'n integrale deel van die besondere getuienis wat Suid Afrika vandag lewer in 'n wêreld waarin daar nog soveel geweld en onverdraagsaamheid heers. (NGK 1994:536)

Dat Mandela bedoel het wat hy aan die sinode gesê het word bevestig deur verskeie ontmoetings tussen hom en die leiers van die NGK tussen 1990 en 1994. Hulle het mekaar vier keer ontmoet: drie keer in die Sinodale Sentrum in Pretoria en een keer in Luthulihuis (Gaum 2014 b:1). Volgens dr Frits Gaum, wat op daardie stadium skriba van die moderamen was, het al die ontmoetings in 'n goeie gees plaasgevind en het dit 'n besliste bydrae gelewer tot die bevordering van vrede in die land (Gaum 2014b:2). Gaum (2014b) reflekteer soos volg:

> Die gesprekke tussen mnr Mandela en die Dagbestuur van die Moderatuur het veral op twee aspekte van die geweld in die land gefokus: Geweldadige verset van die ver-regse Afrikaner Weerstands Beweging (AWB) en geweldadige protes van die ANC om die Nasionale Party-regering van mnr. FW de Klerk om ver te gooi.Ten spyte van die onderhandelinge wat tydens CODESA 1 en CODESA 2 plaasgevind het, was daar hardnekkige gerugte dat 'n militante faksie in die ANC beplan het om die regering met geweld oor te neem. Gerugte oor 'n sogenaamde 'Derde mag' wat deur die regering gebruik is om onrus tussen die ANC en Inkatha in Kwazulu Natal aan te hits, was ook deel van die besprekings. (bl. 2)

Die eerste ontmoeting het op 30 Mei 1991 plaasgevind. Tydens die gesprek het mnr Mandela veral klem gelê op die voortgaande geweld tussen die ANC en die Inkatha-Vryheidsfront. Hy het die kerkleiers onder meer versoek om as tussengangers op te tree deur mnr Buthelezi te vra om druk op sy ondersteuners uit te oefen om op te hou om tradisionele wapens tydens optogte te dra. Hierdie versoek is tydens 'n besoek aan Buthelezi aan hom oorgedra (NGK 1991).

ʼn Tweede ontmoeting het op 26 April 1993 plaasgevind. Uit die ontmoeting was dit duidelik dat mnr Mandela baie bekommerd was oor regse faksies onder Afrikaners. Hy het die leierskorps van die NGK spesifiek gevra om die leiers van die regse groeperinge te versoek om wel aan die onderhandelingsproses deel te neem. Na die gesprek is prof. J.A. Heyns getaak om met genl. Constand Viljoen kontak te maak in ʼn poging om hom te oorreed om tog deel te vorm van die onderhandelingsproses. Viljoen maak dit egter duidelik dat hierdie ontmoeting nie goed afgeloop het nie en dat hy verdere gesprekke van die hand gewys het omdat hy Heyns nie vertrou het nie (Viljoen 2014).

Die derde ontmoeting met mnr Mandela het op 12 November 1993 plaasgevind teen die agtergrond van ʼn groter wordende bedreiging van die Regse Afrikaner groepering onder leiding van genl. Constand Viljoen. Die fokus van die gesprek was die eskalerende geweld in die land. Die moderatuur het spesifiek melding gemaak van die negatiewe invloed wat sommige ANC leiers soos mnr Peter Mokaba gehad het met sy lied *Kill the boer, kill the farmer*. Mandela het gereageer deur te sê dat dit nie amptelike ANC beleid was nie en dat die ANC besig was om die saak intern te hanteer (NGK 1991).

Die vierde ontmoeting het op 25 Januasie 1994 plaasgevind. Weereens het Mandela die kerkleiers spesifiek versoek om genl. Viljoen te oorreed om deel te word van die onderhandelingsproses en om deel te neem aan die opkomende verkiesing (Gaum 2014b:3). Dit is duidelik dat Mandela en die ANC bekommerd was oor waartoe Viljoen en sy ondersteuners instaat was. Teen die agtergrond van Viljoen se geheime onderhandeling met die ANC was hy op hoogte van wat Viljoen beplan het en het hy daarom die leiers van die NGK versoek om druk op Viljoen uit te oefen. Die situasie word deur Viljoen bevestig wanneer hy sê: 'Ek het die pistool in my hand gehad' (Viljoen 2014). Mandela het ook versoek dat die kerk sy lidmate moes aanmoedig om nie die staatsdepartemente waar hulle werksaam was, te verlaat nie maar om eerder ʼn konstruktiewe bydrae te maak tot die opbou van die land.

Die vier ontmoetings tussen die NGK-leierskap en Mandela toon aan watter belangrike rol hulle gespeel het. Die wedersydse respek en vertroue tussen die leiers van die kerk wat apartheid ondersteun het, en die eerstydse politieke gevangene van Robbeneiland het hulle belangrike akteurs gemaak in die drama wat homself in Suid-Afrika afgespeel het. Dit is deur ds. Freek Swanepoel, moderator van die 1994 Algemene Sinode, bevestig toe hy gesê het:

> Mnr. Mandela was ʼn fyn strateeg wat geweet het dat die Ned. Geref. Kerk – wat die grootste Afrikaanse kerk was – ʼn groot invloed op Afrikaners in die land uitgeoefen het. Deur die kerk te gebruik om versoening na te jaag, het hy in ʼn groot mate daarin geslaag om gemoedere te kalmeer onder ʼn deel van die bevolking van Suid-Afrika. (Swanepoel 2014b)

Dit word verder bevestig deur ʼn brief wat mnr Mandela aan prof. Pieter Potgieter geskryf het na sy uittrede as moderator in 1994. Daarin het hy Potgieter bedank vir sy bydrae in die jare van onrus op pad na die verkiesing van 1994 (Potgieter 2013).

Dit is teen hierdie agtergrond wat die besoek van mnr Mandela en sy toespraak tydens die Algemene Sinode van 1994 verstaan moet word. Sodanig dien dit dan as verdere bewys dat hy die rol wat die NGK gespeel het, hoog geag het en dat die kerk inderdaad ’n belangrike rol gespeel het om ’n lewe van volheid vir almal in Suid-Afrika te versker.

Gesprekke met mnr Mandela het ook na die vergadering van 1994 gevolg. Op 2 November 1995 het die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie hom (Mandela) in sy woning in Pretoria besoek. Die hoofsaak op die agenda was die hofsaak teen genl. Magnus Malan en 10 afgetrede offisiere van die veiligheidsmagte. Die kerkleiers het dit onder die president se aandag gebring dat die hantering van die saak uiters nadelig vir die versoeningsproses in die land was (Swanepoel 2014b:1). ’n Opvolggesprek is beplan vir 1996 waarin die kerkleiding verdere belangrike sake onder die president se aandag gebring het.

Die leierskap van die NGK het nie net met mnr Mandela gesprek gevoer nie. Verskeie gesprekke is ook met ander politieke leiers gevoer om ’n bydrae tot die vredesproses te lewer.

Op 26 November 1990 het die Dagbestuur van die NGK (1990a) vir die eerste keer na afloop van die Rustenburgberaad met mnr F.W. de Klerk beraadslaag. Hulle het die geleentheid gebruik om persoonlike terugvoer oor die gebeure te Rustenburg te gee. Die belydenis van prof. Willie Jonker en die negatiewe reaksie uit sommige Afrikanerkringe is ook bespreek. De Klerk is verder ingelig oor die protesvergadering wat vir 1 Desember 1990 beplan is. Die besoek aan mnr De Klerk is opgevolg met gesprekke in November 1991, Maart 1992, Augustus 1993 en November 1993. Die agenda tydens hierdie gesprekke is deur die geweld in die land en vordering in die onderhandelingsproses oorheers. Die posisie en rol van die Afrikaner het ook aan die orde gekom. De Klerk is verder ingelig oor die ontmoetings met regse groepe en die gesprekke met mnr Mandela. Bogenoemde gesprekke bevestig die feit dat die leierskorps van die NGK hulleself in ’n mediasierol bevind het. Hierdie rol is verder genoodsaak deur grootskaalse verdeeldheid onder Afrikanergeledere na die referendum van 1992. Die verdeeldheid het nie net vir die politieke landskap in Suid-Afrika gevolge ingehou nie, maar was ook ’n ernstige bedreiging vir die kerk wat reeds in 1987 as gevolg van politiek geskeur het.[27]

Die ontmoetings met mnr De Klerk is opgevolg deur ’n ontmoeting met die leierskorps van die Nasionale Party op 10 Augustus 1993 in Kaapstad. Tydens hierdie gesprek is spesifiek gevra hoe menseregte in die nuwe bedeling beskerm sou word. Dit is ’n vraag wat deur baie lidmate op grondvlak gevra is, en is in hierdie ontmoeting deur die kerkleiers aan die politieke leiers oorgedra. Op hierdie wyse het die kerkleiding ook as mondstuk vir gewone lidmate op grondvlak opgetree (NGK 1993b).

27. Die Afrikaanse Protestantse Kerk is in 1987 deur regse Afrikaners gestig nadat ‘Kerk en Samelewing’ deur die Algemene Sinode van 1986 aanvaar is.

Ernstige gesprekke is ook met die regse groepe in Afrikanergeledere gevoer. 'n Brief van prof. Pieter Potgieter aan die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie, na 'n gesprek met genl. Constand Viljoen, dien hier as voorbeeld. In die brief het Potgieter 'n dringende telefoonvergadering aangevra om 'n ernstige krisis te probeer afweer wat ernstige gevolge sou inhou (NGK 1993a). In die vertroulike brief het Potgieter aan lede van die Dagbestuur geskryf:

> Uit ontmoetings wat ek met Genl. Viljoen en andere gehad het, is dit duidelik dat die eis om selfbeskiking vir die Afrikaner **BAIE** sterk is. Hy en sy kollegas voel dat hulle standpunt in die onderhandelingsproses geïgnoreer word en dat die Ned. Geref. Kerk 'n belangrike rol kan speel om te verseker dat reg en geregtigheid geskied (NGK 1993a).

Die voorstel wat tydens hierdie telefoonvergadering aanvaar is dui op die erns waarmee Potgieter en Viljoen bejeën het en hoe ernstig die situasie was. Die voorstel is ingelei met 'n oproep tot almal wat by die onderhandelingsproses betrokke was om erns te maak met die behoefte van verskillende groepe in Suid-Afrika wat selfbeskikking op 'n streeksbasis begeer het. Daar is verder 'n oproep op alle partye gemaak om nie van die onderhandelingsproses te onttrek nie en om nie geweld aan te wakker nie (NGK 1993a). Dit blyk duidelik uit hierdie gebeure dat Viljoen vir Potgieter baie duidelik gesê het dat hy die pistool in sy hand het en dat hy van plan was om die verkiesing te ontwrig as daar nie aan sy eise voldoen is nie. Alhoewel Viljoen dit duidelik gestel het dat hy nie vir oorlog was nie (Sparks 1995:156), het dit duidelik 'n opsie begin word soos wat die einde van 1993 nader gekom het. Die uitstel van die ondertekening van die ooreenkoms wat Viljoen in die geheim met die ANC onderhandel het, het ook nie bygedra om gemoedere te kalmeer nie. Alhoewel Viljoen ontken dat die rol van die kerkleiers deurslaggewend was in sy besluit om nie oorlog te maak nie, sê Gaum (2014b):

> Mnr. Mandela het die kerkleiers versoek om Viljoen te oorreed om deel te neem aan die verkiesing. Alhoewel die generaal in verskeie ontmoetings geweier het om toe te gee aan druk, het hy tog van plan verander. Dit sou arrogant wees om te verklaar dat dit die Ned. Geref. Kerk was wat Viljoen oorreed het, maar dat hulle 'n belangrike rol in die proses gespeel het kan nie ontken word nie. (n.p)

## Deelname aan die Waarheids-en-Versoeningskommissie: 1997

'n Derde belangrike gebeurtenis wat die NGK se rol in die versoeningsproses beklemtoon, was die kerk se betrokkenheid by die Waarheids-en-Versoeningskommissie. Mnr Nelson Mandela het in sy toespraak voor die Algemene Sinode verwys na 'n forum van heling wat bekend sou word as die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) (NGK1994:537). Die vraag wat gou aan die orde was, was: Moes die NGK voor die

WVK getuig of nie? (Du Toit et al. 2002:119). Die aanvanklike besluit van die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK was om nie 'n voorlegging voor die WVK te doen nie.[28] Ds. Freek Swanepoel, voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK het na afloop van die vergadering tydens 'n perskonferensie gesê dat die besluit egter ter enige tyd verander kon word. Alhoewel die vergadering amptelik besluit het om nie 'n voorlegging te doen nie, was Swanepoel self van mening dat die NGK dit aan sy lidmate verskuldig was om sy verhaal oor die landsgebeure op skrif te stel (SAPA 1996). Hy het vier maande later gesê: om nou te swyg sou dwaas wees (Swanepoel 1997:13). Op 22 Mei 1997 het die Algemene Sinodale Kommissie sy standpunt om nie 'n voorlegging aan die WVK te doen nie, herbevestig. Dit het gevolg op 'n brief waarin die NGK saam met ander kerke gevra is om dit wel te doen (Du Toit et al. 2002:120). Daar is wel besluit om die verhaal van die NGK met betrekking tot volkere en rasseverhoudinge in Suid-Afrika, soos wat dit sedert die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 ontwikkel het, op skrif te stel (kyk NGK 1997b). Prof. P.J.G. Meiring, enigste verteenwoordiger van die NGK op die WVK wou egter nie aanvaar dat die kerk nie 'n voorlegging sou maak nie. In herhaalde briewe aan die skriba van die Algemene Sinodale Kommissie het hy die NGK versoek om tog 'n voorlegging te maak (Gaum 1997). Die pogings van prof. Meiring het vrugte afgewerp toe die Algemene Sinodale Kommissie tydens 'n vergadering van 28–30 Oktober 1997 die volgende besluit geneem het:

> [*D*]ie voorsitter moet die Ned Geref. Kerk by die getuienisgeleentheid verteenwoordig en hy word versoek om, indien hy 'n spreekbeurt kry, klem te lê op die kerk se versoeningstaak en die toekoms. Daar sal egter nie 'n formele voorlegging deur die Ned. Geref. Kerk gemaak word nie. (NGK 1997a:3)

Op 19 November 1997 het ds. Freek Swanepoel die NGK in Port Elizabeth verteenwoordig tydens 'n openbare getuienisgeleentheid vir die meer evangeliese en Afrikaanse kerke. In sy toespraak het ds. Swanepoel onder meer gesê dat die NGK verbind is tot versoening, dat die NGK dit saam met ander wil aanpak, wat onder die praktiese implikasies van versoening verstaan word en dat versoening persoonlike kontak vereis. Hy het ten slotte verwys na die verlede en die toekoms (Meiring 1999:286). Met die getuienis van ds. Swanepoel voor die WVK kon die NGK weer sy regmatige plek in die galery van kerke in Suid-Afrika inneem. Dit is moontlik gemaak deur die deurslagewende besluite van 'Kerk en Samelewing' en het gehelp om die raam van versoening waarbinne die sinode van 1994 (NGK 1994) plaasgevind het, te voltooi.

28. In 'n brief aan die Voorsitter van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK), gedateer 27 Augustus 1997, het die Skriba van die Algemene Sinodale Kommissie die WVK in kennis gestel dat die NGK nie 'n voorlegging aan die WVK sou doen nie maar dat Reis met Apartheid vir alle belangstellendes beskikbaar was (Gaum 1997).

## Konklusie

Die apartheidsbeleid van die Nasionale Party het sedert 1948 veroorsaak dat ’n lewe van volheid nie vir die inwoners van Suid-Afrika beskore was nie. Deur die regeringsbeleid van apartheid Bybels te fundeer en aktief te propageer het die NGK die beleid bevorder. ’n Belangrike draaipunt in 1986 met die aanvaarding van ‘Kerk en Samelewing’ is dit vir die kerk moontlik gemaak om ’n belangrike versoeningsrol in die samelewing te speel. Die Algemene Sinode van 1994 staan uit as een van die groot bakens op die versoeningspad van die NGK. Wanneer die gebeure tydens hierdie vergadering teen die agtergrond van die groter konteks van die NGK se versoeningspogings verstaan word, kan dit nie anders as om dit die ‘Sinode van versoening’ te noem nie. Op hierdie wyse het die NGK, as vennoot vir teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria, bygedra tot ’n lewe van volheid vir almal in Suid Afrika.

## Summary: Chapter 8

The Faculty of Theology at the University of Pretoria chose *oikodome* as a Faculty Research Theme (FRT) in 2014. This term refers to life in its fullness. The Dutch Reformed Church, as one of the partners of the Faculty, contributed to life in its fullness through the important role it played in the reconciliation in South Africa since 1986. One of the beacons on this road of reconciliation was the General Synod of 1994. It became known as the ‘Synod of reconciliation’ as a result of the visits of Mr Nelson Mandela, Prof. B.J. Marais and Dr Beyers Naudé, and the important decisions that the meeting took. It was however, not only the visits of these important roleplayers in history which made the meeting a beacon on the road to reconciliation. This chapter shows that it was imbedded in a much larger context of reconciliation in South Africa in which the Dutch Reformed Church played an important role. By participating in the process of reconcilation in the country, the Dutch Reformed Church contributed to *oikodome* – life in its fullness for all.